

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Kan ons in gister, vandag en môre leef?

Skriflesing 1: Handeling 7:54-60 (1953)

⁵⁴ En toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hul harte en het teen hom op die tande gekners.

⁵⁵ Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God.

⁵⁶ En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.

⁵⁷ Maar hulle het met 'n groot stem geskreeu en hulle ore toegestop en soos een man op hom aangestorm.

⁵⁸ En hulle het hom buitekant die stad uitgewerp en hom gestenig; en die getuies het hulle klere neergelê by die voete van 'n jongman met die naam van Saulus.

⁵⁹ En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy die Here aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees!

⁶⁰ En hy het op sy knieë neergeval en met 'n groot stem uitgeroep: Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie! En met dié woorde het hy ontslaap.

Skriflesing 2: Johannes 14:1-8 (1953)

¹ LAAT julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.

² In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

³ En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

⁴ En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle.

⁵ Thomas sê vir Hom: Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?

⁶ Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

⁷ As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien.

⁸ Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.

Broodjies vir die pad

Tweetalige Woordeboek

Op 'n Saterdagagaand lees ek oor die klaaglied van Dawid oor Saul en Jónatan in *Die Tweede Boek van Samuel*.

'n Geskenk van my moeder, 'n Bybel oorhandig op 11/9/68 met beste wense vir 'n mooi toekoms.

My kinderhandskrif in blou balpunt vertel van die gebed en smeking opgeteken in Filippense 4:6.

Die wrede oorloë en die lot van Tamar trope vir dié bloedskenndige proses?

In die *Tweetalige Woordeboek* van Bosman, Van der Merwe en Hiemstra, in 1975 aangeskaf, soek ek vannag na die regte woord vir demaskeer.

En nou? I.W. van der Merwe is mos Boerneef, nes die digter hier tweeledig en paradoksaal, sowel afsydig as diep-gelowig,

vertroosting vind in 'n keertwending van haar kenletter.

Joan Hambidge 2014

<http://versindaba.co.za/2014/05/12/joan-hambidge-tweetalige-woordeboek>



Verliese wat bly roep om gehoor te word

Wilhelm Jordaan

By die lees van Khaled Hosseini se meesleurende verhaal *And the Mountains Echoed* (2013) tel 'n mens nie die nag se ure en die omblaai nie, maar jy stop gereeld: om tot verhaal te kom ...

En opnuut te verstaan hoe politieke onrus, ideologiese verknegting, armoede en oorloë (in dié geval in Afganistan) mense dwing om pynlike, onmenslike besluite te neem wat families uiteen skeur en geslagte lank 'n nawerking het wat hul lewensloop en -uitkyk grondig aantast.

Hosseini se roman is een van baie letterkundige werke wat gemoeid is met die herverbeelding en oopskryf van hoe sulke toedragte 'n volk, 'n gesin en enkelinge leed aandoen.

Sommige reken sulke herbelewenisse is onnodig. Begrawe die verlede en gaan aan met die lewe, word gesê. Wie so glo, begryp nie die mens se geheue nie.

Die karakter Pari in Hosseini se roman is in 1952 as driejarige in Afganistan aan 'n skatryk kinderlose egpaar verkoop en het só van haar lieflingbroer, Abdullah, geskei geraak en algaande van hom vergeet. Jare later en ver weg van haar geboorteland worstel sy met 'n vae vermoede dat iets kosbaars van haar weggeneem is. Dit laat haar verlore voel:

“... as if she were wandering through a desert at night, surrounded by darkness and the unknown, the truth elusive,

like a single tiny glint of light in the distance flickering on and off, forever moving, receding ... What Pari always wanted was the glue to bond together her loose, disjointed scraps of memory, to turn them into some sort of cohesive narrative.”

Sulke en ander soorte verliese in 'n mens en in 'n volk se lewe bly roep om gehoor en gekonfronteer te word. 'n Mens is nie net wat jy onthou nie, maar ook wat jy vergeet het en wat ander jou wil laat vergeet. Eers wanneer dít in die oopte kom, is daar genesende insigte.

Hosseini se roman teken dit aan, soos Bernhard Schlink se Holocaust-roman, *The Reader* (“Der Vorleser”), ook maak.

Albei romans vertel verhale van skrikwekkende besluite; menslike vervlegtheid; stories oor enkelinge se versuim en klein wreedhede teenoor mekaar; die onverwoordbare dinge wat meebring dat een mens skaam en angstig van 'n ander wegvlug.

Fiksie wat verbeeldingsreise ver verby die amptelike geskiedenis voer, hou 'n ander spieël aan ons voor. Dit help 'n mens om die geskiedenis met nuwe oë te bekyk en oorlog se onmenslikheid opnuut te begryp.

Nie as selfkastyding nie, maar as herinnering aan argeloosheid, dwaasheid, selfsug, geklikheid en boosheid – juis wanneer magshebbers mense manipulerend op sleeptou neem.

Die talle, steeds opwellende stories oor ons eie mensonterende “Bosoorlog” (soos Jeanette Ferreira se versameling Grensoorlogstories in 2012) hou ook so 'n spieël voor waarin ons opnuut die impulse tot genesing kan vind – deur die terapie van die verbeeldingryke woord.

<http://www.beeld.com/opinie/2014-05-13-verliese-wat-bly-roep-om-gehoor-te-word>

Brood vir die pad

Filmsucces voor jongen die 'de hemel bezocht en Jezus ontmoette'

Robin de Wever

Met stip binnens op de Amerikaanse bioscoopfilmlistjens: een film uit christelike hoek. 'Heaven is for Real' vertel het verhaal van een vierjarige jongen die naar de hemel reist. Het zou waar gebeurd zijn.

Het mag een klein wonder heten dat Colton Burpo nog leeft. De jongen uit een stadje in de Amerikaanse staat Nebraska werd op vierjarige leeftijd met spoed opgenomen in het ziekenhuis vanwege hevige pijnen. De diagnose: zijn blinde darm was enkele dagen daarvoor geknapt. Een ernstig en acuut levensbedreigend probleem, maar Colton kwam er na een operatie weer helemaal bovenop.

Nadien vertelde hij zijn ouders over de eigenaardige trip die hij tijdens de operatie maakte. Na het intreden van de verdoving was Colton naar eigen zeggen afgereisd naar de hemel. Daar trof hij Johannes de Doper (de man die Jezus' komst voorzegde) en krom hij bij Jezus op schoot.

Mogelijk nog pikanter: hij werd aangesproken door zijn overgrootvader, 'een grote man met grote vleugels'. Ook maakte hij kennis met zijn overleden zusje, zag hij zichzelf liggen op de operatietafel en zag hij hoe zijn vader zich afzonderde en voor hem bad.

Vader Todd schrijft er op los

'Heaven is for Real' (Sony Pictures) brengt dat opmerkelijke verhaal nu dus op het witte doek. Uitgangspunt zijn de

schriftelijke memoires van vader Todd, een predikant in een evangelicale kerk. Diens boek uit 2010 stond maandenlang in de Amerikaanse bestsellerlijsten. Een jaar later verscheen zelfs een Nederlandse vertaling: 'De jongen die in de hemel was'. Onlangs publiceerde Todd ook een editie voor kinderen en een vervolgboek.

Net als in het boek toont vader Todd zich aanvankelijk erg sceptisch. In de loop van de film laat hij zich stapje voor stapje overtuigen, totdat hij het zeker weet: zijn zoon is daadwerkelijk aan gene zijde geweest. Hoe kon Colton anders weten van de overgrootvader, die al was overleden toen hij werd geboren? Zijn zusje was al voor Coltons geboorte overleden - zij kwam dood ter wereld tijdens een miskraam. Todd en zijn vrouw hadden naar eigen zeggen nog niet over haar gerept, dus Coltons kennis over haar moet wel iets bovennatuurlijks zijn.

Verdacht: Coltons vader is een hemelse held

Heaven is for Real brengt duidelijk een christelijke boodschap, constateren recensenten. Maar van gepreek en sentimentaliteit is nauwelijks sprake. Afgelopen weekend bracht de film al 16,2 miljoen euro op. Knap, want de productie kostte slechts 8,7 miljoen euro en er is maar bescheiden reclame voor werd gemaakt.

Dat succes brengt uiteraard een nieuwe golf kritiek met zich mee. Want hoe betrouwbaar is de getuigenis van een ventje van vier? In de belevingswereld van kleuters lopen feit en fictie voortdurend door elkaar. En, zo vragen critici zich af, is Coltons huidige relaas in de loop der tijd niet gekleurd door zijn eigen en zijn vaders interpretaties? Heeft hij misschien iets opgevangen toen zijn ouders spraken over zijn overleden zusje en zijn overgrootvader?

Ook opmerkelijk is dat Coltons hemel er precies zo uitziet als veel evangelicale christenen hem zich voorstellen: een min of meer fysieke plaats waar overleden aardbewoners eeuwig jong zijn. De jongen zou zelfs te horen hebben gekregen dat zijn vader een van de 'rechtvaardigen' is die aan het einde der tijden zal vechten tegen het kwaad.

'Film is verdraaid en bijgelovig'

Sommige orthodoxe protestanten wijzen Coltons herinneringen juist af omdat ze niet 'bijbels' genoeg zijn. Baptistenvoorganger en schrijver John MacArthur maakte vorige maand al gehakt van de film. De Bijbel rept met geen woord over ontmoetingen met familieleden, oordeelde hij. Paulus raadde het spreken over hemelse visioenen zelfs af, omdat de hemelse luister zich niet onder woorden laat brengen. Coltons relaas zou 'verdraaid en bijgelovig' zijn.

De meeste christelijke media slaan een mildere toon aan. Afgaand op de discussies zijn ook de trouwe kerkgangers nog niet massaal overtuigd. Tijdschrift ChristianityToday noemt Heaven is For Real 'een uitnodiging om je te bezinnen op Gods ondoorgrondelijke wegen', al wijst ze er ook op dat 'iedereen sceptisch is, behalve vader'.

Toch lijkt het mysterieuze verhaal over de bijna dood-ervaring te spannend om links te laten liggen. Zoals de neurobioloog Eben Alexander de boekwinkels veroverd met zijn 'wetenschappelijk onverklaarbare' hemelbezoek, zo veroverd vader Todd nu de bioscopen.

Heaven is for Real draait vanaf september in Nederland.

<http://www.trouw.nl/tr/nl/5091/Religie/article/detail/3639341/2014/04/22/Filmsucces-voor-jongen-die-de-hemel-bezocht-en-Jezus-ontmoette.dhtml>